

Maandag 6 November

Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 103:1-22

Ek kan nie stilbly nie ...!

Wanneer Dawid in Psalm 103 sy voornemens om die Here te loof, neerpen, dan gee hy ook die duidelike redes vir hierdie begeerte van sy hart. Die redes is voor die handliggend ... die Here se liefde, genesing, ontferming, redding en vergifnis. Die goeie gawes van die Here wat hy in oorvloed kan geniet. Die jeugdige krag, die reg en geregtigheid van die Here. Sy genade en barmhartigheid.

Ja, dit is asof Dawid nie genoeg woorde het om die goedheid en die liefde van God te beskryf nie. En daarom kan Dawid nie stilbly nie!

Dawid se getuienis is hier tipies van die gelowige mens wat God se hand in sy lewe ervaar en God se inspraak in sy lewe kan hoor. Die verkondiging van die Woord sluit nie net die poorte van die ewige lewe en God se ewige teenwoordigheid vir ons oop nie, maar maak ook die koninkryk van God 'n realiteit in hierdie lewe op aarde deur die kragtige werk van die Heilige Gees.

Diegene wat die evangelie van Jesus Christus hoor, kan nie anders as om daardeur verander te word nie. En wanneer die Heilige Gees die hart van die mens verander, word die lofsange van dankbaarheid 'n oproep tot alles en almal in die lewe!

Wanneer ek dan in Psalm 103 van Dawid se redes lees, en ek ervaar ook soveel daarvan in my eie lewe, *kan ek nie stilbly nie!* Mag Dawid se voorneme ook myne en joune wees!

Sing: Psalm 103:1, 2, 3 (1936)

Ds. OJ (Oekie) Struwig (Frankfort)